# HOOFSTUK 1.

## DIE KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING VAN SUIDWES-AFRIKA VOOR 1920.

### 1.1. SUIDWES-AFRIKA ONDER DUITSE BESTUUR, 1884 - 1914.

Die Duitse bestuurstydperk in Suidwes-Afrika het formeel in Augustus 1884 begin toe Suidwes-Afrika tot 'n Duitse protektoraat verklaar is. [1.] Otto von Bismarck, die Duitse Rykskanselier, was van mening dat die werklike kolonisasie en die gepaardgaande koste deur kolonisasiemaatskappye gedra moes word. Dit was egter nie prakties moontlik nie, aangesien die maatskappye nie oor voldoende kapitaal beskik het nie en meer in winsgewende ondernemings as in daadwerklike kolonisasie belanggestel het. [2.] Dié periode van merkantiele selfbestuur is in 1891 beëindig en is geleidelik vervang deur die vestiging van 'n suiwer militêre bestuur. [3.]

Rykskommissaris H. Göring is in 1885 na Suidwes-Afrika gestuur om die Duitse gesag te vestig. Hy het heelwat probleme in dié verband ondervind, aangesien hy oor te min soldate beskik het om werklike gesag af te dwing. K. von Francois het in Januarie 1889 met 21 soldate te Walvisbaai gearriveer om Göring by te staan. [4.]

---

1. P. Barth: Südwestafrika, p.18.
2. E.L.P. Stals: Kurt Streitwolf - Sy werk in Suidwes-Afrika, 1899 - 1914, p.12.
3. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur in Duits-Suidwes-Afrika voor 1915, p.8.
4. O. Hintrager: Südwestafrika in der deutschen Zeit, pp.19-26; T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.8-9.

Göring het onder moeilike omstandighede die begin van die Duitse staatkundige bestuur en jurisdiksie in die Protektoraat geskep. [5.] Sy opvolger, Landeshauptmann K. von Francois, het sy pionierswerk voortgesit en het die begin van daadwerklike Duitse heerskappy in Suidwes - Afrika gevestig. [6.]

In 1894 is Von Francois opgevolg deur T. Leutwein, wat in 1898 tot die amp van Goewerneur bevorder is. [7.] Die Duitse keiser het oor die hoogste wetgewende gesag in die Protektoraat beskik, wat uitgeoefen is deur die uitvaardiging van verordeninge. Die bevoegdheid om verordeninge uit te vaardig, is deur die Keiser aan die Rykskanselier oorgedra. Laasgenoemde het die verordeninge betreffende sake van plaaslike belang aan die Goewerneur oorgedra. [8.]

Leutwein het in 1894 die grondslag gelê vir die latere instelling van siviele bestuur deur die vestiging van twee Bezirksämter (afdelingsrade) in Namaland. [9.] Teen 1909 was daar reeds agt Bezirksämter, ses ondergeskikte en vier selfstandige Distriksämter (distriksrade). [10.]

Die Blanke Suidwesters het 'n klein aandeel in die administrasie van Suidwes - Afrika verkry deur die instelling van Adviesrade. Leutwein het op 18 Desember 1899 die hoofde van die siviele distrikskantore opdrag gegee om Adviesrade uit die geledere van die siviele bevolking saam te stel om hulle in die uitvoering van

---

5. O. Hintrager: Südwestafrika ..., p.25.
6. O. Hintrager: Südwestafrika ..., pp.26-34.
7. G. Pool: Pionierspoorweë in Duits-Suidwes-Afrika, 1897 - 1915, p.3.
8. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., p.14.
9. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.11-12.
10. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.17-18.

hulle pligte by te staan. Adviesrade is gevolglik in verskeie siviele distrikte in die lewe geroep. Die siviele distriksadviesraadstelsel was oor die algemeen nie 'n sukses nie. Die hoë verwagtinge wat Leutwein van hierdie Adviesrade gekoester het, is geensins verwesenlik nie. [11.]

Die Rykskanseliersverordening van 24 Desember 1903 het voorsiening gemaak vir die instelling van Regeringsrade in die Duitse kolonies. Die liggaam het bestaan uit die Goewerneur, 'n aantal amptelike lede of beamptes en nie-amptelike lede, wat verteenwoordigers van die Blanke bevolking was. Die amptelike en nie-amptelike lede is deur die Goewerneur benoem. Dié liggaam het die jaarlikse begroting bespreek, asook ontwerpsverordeninge wat deur die Goewerneur voorgestel of uitgevaardig is. Laasgenoemde moes slegs van plaaslike betekenis wees. Die Goewerneur was nie gebind aan die advies van die Regeringsraad nie. Die plaaslike Blanke bevolking was nie tevrede met die suiwer adviserende liggaam nie. Die Duitse Ryksregering was die mening toegedaan dat die tyd nog nie ryp was vir die toekenning van 'n ten volle demokratiese regeringstelsel in Suidwes-Afrika nie. [12.]

Die instelling van die Regeringsraad in Suidwes-Afrika is deur die Herero-opstand vertraag. Eers nadat toestande in 'n mate genormaliseer is, kon met die instelling daarvan voortgegaan word. F. von Lindequist is in 1905 as die eerste siviele Goewerneur aangestel. Hy het op 26 Maart 1906 bepaal dat elf nie-amptelike lede op die Regeringsraad benoem sou word. Die Regeringsraad het

---

11. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.22-35.

12. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.37-39, 41.

op 10 Oktober 1906 vir die eerste sitting vergader. Die strewe van die Blanke Suidwesters na groter verteenwoordigende bestuur sou egter nie langer deur die Duitse regering geïgnoreer kon word nie weens die toenemende immigrasie en die ekonomiese opbloei van die land.[13.]

Die vertoë na groter selfbestuur is op 28 Januarie 1909 beloon deur die afkondiging van die Selfbestuursverordening. Die verordening het voorsiening gemaak vir die instelling van Munisipale Rade, Afdelingsrade en ŉ Sentrale Raad of Landesrat . Lede vir die Munisipale Rade kon slegs deur die Duitse onderdane verkies word. Verkose Munisipale Rade het ŉ deel van die Afdelingsrade se lede benoem, terwyl die res deur die kiesers van plattelandse distrikte verkies is. Die Bezirksamtmann of distrikshoof was "ex officio" voorsitter van ŉ Afdelingsraad. Elke Afdelingsraad het ŉ lid verkies om hom in die Landesrat te verteenwoordig. Die Goewerneur het op sy beurt dieselfde getal lede benoem as wat deur die Afdelingsrade verkies is.[14.]

Die Landesrat was ŉ suiwer adviserende liggaam. Die Landesrat kon begrotings, asook administratiewe sake, soos byvoorbeeld onderwys, landbou, spoorweë en watervoorsiening bespreek. Sy resolusies kon vir oorweging aan die Reichstag , die Duitse parlement, voorgelê word. In 1912 het die Goewerneur bekendgemaak dat die Koloniale Sekretaris aan hom die bevoegdheid verleen het om verordeninge, rakende sake van plaaslike belang, in konsultasie met die Landesrat uit te vaardig.

---

13. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.45, 50-51.

14. Memorandum on the Country known as German South West Africa, p.23.

Dié verordeninge mag egter nie betrekking op finansies gehad het en geen verreikende politieke implikasies ingehou het nie. Die bepalinge van die Selfbestuursverordening is op 15 Augustus 1913 uitgebrei. Goewerneursverordeninge betreffende openbare gesondheid, dieresiektes, paaie, waterregte, wildwette, landbou, bosbou, weidingsregte en Nie-Blanke arbeid moes voortaan vir goedkeuring aan die Landesrat voorgelê word voordat dit gepubliseer sou word. Indien die Landesrat nie in sitting was nie, kon die Goewerneur in geval van nood 'n verordening promulgeer sonder dié liggaam se goedkeuring. Sodanige verordening moes egter gedurende die volgende sitting van die Landesrat voorgelê word.[15.]

Die eerste Landesrat het uit dertig lede bestaan, waarvan vyftien verkies en die res deur die Goewerneur benoem is. Dié liggaam het op 16 April 1910 vir die eerste keer vergader. Die Landesrat het verskeie versoeke om groter selfbestuur aan Berlyn gerig. Die Duitse regering kon egter nie gehoor aan die versoeke gee nie, want skaars twee maande na die Landesrat se laaste sitting in Mei 1914, het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek.[16.]

Die werklike ontwikkeling van selfbestuur in Suidwes-Afrika het eers na 1908 plaasgevind. Teen 1914 was die omstandighede gunstig vir ingrypende selfbestuursveranderinge.[17.] Verdere konstitusionele ontwikkeling is deur die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in die wiele gery. Die konstitusionele proses moes as't ware ná die besetting van die Protektoraat deur Suid-Afrika in 1915, weer van vooraf begin.

---

15. Memorandum on the Country ..., pp.16-17.

16. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., pp.136, 138, 182-183.

17. T. van Wijk: Die ontwikkeling van selfbestuur ..., p.184.

## 1.2. SUIDWES-AFRIKA ONDER MILITêRE BESTUUR, 1915-1920.

Op 4 Augustus 1914 het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek. As gevolg van Brittanje se oorlogsverklaring teen Duitsland was die hele Britse Ryk, en dus ook die Unie van Suid-Afrika, in 'n oorlog met Duitsland gewikkel. Suid-Afrika het aanvanklik geen begeerte gehad om Suidwes-Afrika binne te val nie. Die Unieregering het dus die Britse regering in kennis gestel dat Suid-Afrika sy eie verdediging sou waarneem. Brittanje het die Unie egter op 7 Augustus versoek om Suidwes-Afrika te beset, om sodoende beheer te verkry oor die hawens van Swakopmund, Lüderitzbucht en die verskeie radiostasies in die gebied. [18]

Die Britse versoek van 7 Augustus is tydens verskeie Unie-kabinetsvergaderings bespreek. Sommige ministers was van mening dat 'n inval in Suidwes-Afrika ongewens sou wees en het hierdie siening sonder aarseling aan die Eerste Minister gestel. Generaal L. Botha het gevolglik tydens 'n kabinetsvergadering op 10 Augustus 'n ernstige beroep op samewerking en eensgesindheid gedoen. Hy was van mening dat verdeeldheid in die kabinet tot skeuring sou lei en dat die bevolking in twee groepe verdeel sou word. Die kabinet het in die lig hiervan besluit om aan die Britse versoek van 7 Augustus te voldoen. Die kabinet het die volgende voorwaardes aan dié besluit gekoppel:

- die ekspedisie na Suidwes-Afrika moes 'n onderneming van die Unie en Brittanje wees;
- die Unieparlement moes die besluit goedkeur;
- die ekspedisie moes met vrywilligers onderneem word.

---

18. W.K. Hancock: Smuts - The Sanguine Years, 1870 - 1919, pp.378-379; B.J. Liebenberg: Die Unie van Suid-Afrika tot die Statuut van Westminster, 1910 - 1931, p.352. (*in* C.F.J. Muller (red.): Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, pp.344-370.)

Die Unieregering het die Britse regering op 10 Augustus van sy besluit verwittig, maar nagelaat om na bogenoemde drie voorwaardes te verwys. Die enigste voorwaardes wat genoem is, was dat die vlootgedeelte van die ekspedisie deur die Britse regering en die landgedeelte deur die Unieregering onderneem sou word. [19.]

Gedurende 'n spesiale sitting van die Volksraad, wat vanaf 9 tot 14 September geduur het, is die kabinetsbesluit om Suidwes-Afrika binne te val, met 92 teenoor 12 stemme goedgekeur. [20.] Op 14 September 1914 het die eerste skepe na die hawens van Suidwes-Afrika vertrek. [21.] Dié besluit om Suidwes-Afrika binne te val, het 'n rebellie in Suid-Afrika ontketen en kommandant-generaal C. F. Beyers het uit protes teen dié veldtog bedank as hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag. [22.]

Generaal Manie Maritz, wat oortuig daarvan was dat Duitsland die oorlog sou wen, het uit die Suid-Afrikaanse Weermag bedank. Hy het in Oktober 1914 die Suidwes-grens oorgesteek om hom by die Duitsers te skaar en het kort daarna die onafhanklikheid van die Unie van Suid-Afrika afgekondig. [23.] Ná samesprekings het die bevelvoerder van die Duitse magte, generaal von Heydebreck, artillerie aan Maritz beloof om Upington aan te val. In September 1914 het Andries de Wet, wat Duitse burgerskap aanvaar het, die sogenaamde Freikorps in die lewe geroep. Met die

---

19. P.W. Möller: Generaal C. F. Beyers se rol in die Rebellie van 1914, p.2.
20. F.A. van Jaarsveld: Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652 - 1966, p.236.
21. I. Goldblatt: History of South West Africa from the beginning of the nineteenth century, p.202.
22. W.K. Hancock: Smuts - The Sanguine Years, pp.383-384.
23. D.W. Krüger e.a. (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, 2e uitg., p.496.

toestemming van die Duitse owerheid het hy en sy broer, Pieter, ʼn beroep op hulle mede-Afrikaners in Suidwes-Afrika gedoen om mee te help met ʼn aanval op die Unie. Die Korps het spoedig uit 120 vrywilligers bestaan en is deur goewerneur T. Seitz van kanonne en twee masjiengewere voorsien. Die Freikorps het Maritz bygestaan in aanvalle op die Unie.[24.]

Generaal J. C. G. Kemp het hom in November 1914 na ʼn epiese woestyntog by Maritz en sy geselskap gevoeg. Hulle het beperkte militêre suksesse teen die Regeringsmagte in Desember 1914 en Januarie 1915 behaal. Ná ʼn mislukte aanval op 24 Januarie op Upington het Kemp, deeglik onder die besef dat alles verlore is, oorgegee aan die Uniemagte. Maritz het verkies om noordwaarts na Angola te vlug.[25.]

As gevolg van die Rebellie is die Suidwes-Afrika-veldtog vertraag en in die proses het drie maande verlore gegaan.[26.] Teen die einde van 1914 was die Rebellie feitlik iets van die verlede en kon generaal Louis Botha sy volle aandag aan die Suidwes-Afrika-veldtog wy. Generaal Botha het Suidwes-Afrika met 43 000 man, teenoor die ongeveer 9 000 Duitsers, binnegeval.[27.] Generaal Louis Botha het opgetree as opperbevelhebber van die Suid-Afrikaanse magte en het teen die middel van Februarie 1915 by Walvisbaai aan wal gestap.[28.]

---

24. I. Goldblatt: History of South West Africa ..., pp.203-204.
25. D.W. Krüger e.a. (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, 2e uitg., p.497.
26. W.K. Hancock: Smuts - The Sanguine Years, p.394.
27. F.A. van Jaarsveld: Van Van Riebeeck tot Verwoerd, p.237.
28. B.J. Liebenberg: Die Unie van Suid-Afrika ..., p.354.

Generaal Botha het, na 'n vertraging van enkele maande, gedurende April 1915 na Windhoek opgeruk. Vanuit die suide is daar uit drie windrigtings op die Duitsers toegesak. Generaal J. C. Smuts was in bevel van die suidelike magte en het vanaf Lüderitzbucht na Keetmanshoop beweeg. Generaal Berrangé het vanuit Betsjoeanaland (Botswana) in die ooste en generaal van Deventer vanaf die Oranjerivier in die suide, Suidwes-Afrika binnegeval. Generaal Smuts het teen die einde van April 1915 die hele gebied ten suide van Windhoek verower.[29.] Generaal Botha het Windhoek in Mei 1915 bereik. Windhoek is nie verdedig nie en is formeel deur die Duitse burgemeester aan generaal Botha oorhandig. Die dorp is onder krygswet geplaas en 'n militêre administrasie het die plek van die siviele regering ingeneem.[30.]

Die Duitse troepe het intussen ontsnap na die noorde en hulle daar gereed gemaak vir die finale slag. Generaal Botha was haastig om vanaf Windhoek noordwaarts te vertrek, maar sy manskappe en perde was te uitgeput. Die Duitsers het ook alles in hulle vermoë gedoen om die Suid-Afrikaanse opmars na die noorde te stuit en het spoorwegwerkswinkels vernietig, spoorlyne en brûe in die lug geblaas en enige iets gedoen om die vervoerstelsel te ontwrig.[31.]

Die Duitsers het besef dat hulle nie 'n kans teen die Suid-Afrikaanse oormag het nie en daarom het die Duitse Goewerneur, dr. Theodor Seitz, 'n wapenstilstand voorgestel. Generaal Botha, dr. Seitz en generaal Francke het mekaar op 20 Mei 1915 te Giftkuppe, tussen Omaruru en Karibib, ontmoet. Generaal Botha het onvoor-

---

29. B.J. Liebenberg: Die Unie van Suid-Afrika ..., pp.354-355.

30. D.W. Krüger: The making of a nation, p.100.

31. W.K. Hancock: Smuts - The Sanguine Years, p.399.

waardelike oorgawe geëis en wou nie die voorstel van dr. Seitz, dat elke kant sy besette gebied moes behou totdat die toekoms van Suidwes-Afrika deur 'n Europese vredeskongres bepaal is, aanvaar nie. Geen ooreenkoms kon bereik word nie en die oorlog het voortgeduur. [32.]

Generaal Botha het 'n guerilla-oorlogvoering gevrees en wou daarom die Duitsers so gou as moontlik tot oorgawe dwing. Die Duitsers is verras deur Botha se vinnige optrede en is deur middel van 'n omsingelingstaktiek tot oorgawe gedwing. [33.] Die vredesonderhandelinge het vanaf 4 tot 9 Julie te Korab plaasgevind. [34.] Op 9 Julie 1915 is die Duitse siviele administrasie formeel beëindig, nadat die Duitsers generaal Botha se billike vredesvoorwaardes aanvaar het. [35.]

Die Suid-Afrikaanse regering het ná die vredesluiting formeel die bestuur van Suidwes-Afrika oorgeneem. Suidwes-Afrika sou deur middel van krygswet bestuur word. [36.] Die staatkundige toekoms van Suidwes-Afrika kon eers by 'n algemene vredesluiting beslis word. Suid-Afrika kon dus die gebied slegs as 'n verowerde gebied beset en bestuur. Die Unieregering het besluit om Suidwes-Afrika volgens die reëlings van die Den Haagse Konvensie vir besette gebiede te bestuur. Volgens Artikel 43 moes die bestuursreëlings deur die volgende gekenmerk word: "The authority of power of the State having passed 'de facto' into the hands of the occupant, the latter shall do all in his power to restore, and ensure, as far as possible, public order and safety, respecting at the same time, unless absolutely prevented, the laws in force in the country". [37.]

---

32. D.W. Krüger: The making of a nation, pp.100-101; H.F. Trew: Botha treks, pp.148-149.

33. D.W. Krüger: The making of a nation, p.101.

34. T. Seitz: Südafrika im Weltkriege, p.48.

35. J.W.F. Pretorius: Die staatkundige ontwikkeling van Suidwes-Afrika met besondere aandag aan die invloed van die bevolkingsgroepe in die verband, p.7.

36. Official Gazette of the Protectorate of South West Africa, 13.8.1915, pp.1-2.

37. U.G. 16-1935: Report of the Commission on the economic and financial relations between the Union of South Africa and the mandated territory of South West Africa, p.6.

Op 12 Mei 1915 het generaal Botha vir kolonel Mentz aangestel as Militêre Goewerneur om tydelik die administratiewe sake van Suidwes-Afrika te behartig.[38.] Generaal Smuts het aan die Suid-Afrikaanse Sekretaris van Binnelandse Sake, E.H.L. Gorges, opdrag gegee om die Suidwes-Afrikaanse toestande te gaan ondersoek, 'n skema op te stel vir die toekomstige administrasie van die gebied en intussen die militêre owerheid van advies te bedien, betreffende die siviele bevolking. Gedurende Junie 1915 het Gorges sy bevindinge en aanbevelings aan generaal Botha voorgelê.[39.] Gedurende dieselfde maand is E.H.L. Gorges aangestel as die eerste Siviele Sekretaris van Suidwes-Afrika. Hy moes die militêre owerhede adviseer met betrekking tot sake rakende die Blankes en moes direkte beheer oor die siviele administrasie uitoefen.[40.]

Ná die vertrek van die bevelvoerder van die Uniemagte is brigadier-generaal P.S. Beves op 11 Julie 1915 aangestel as die Militêre Goewerneur in Suidwes-Afrika. Hy is bygestaan deur die Siviele Sekretaris, E.H.L. Gorges. Die Siviele Sekretaris moes by belangrike besluitneming, veral met betrekking tot sake rakende beleidsaangeleenthede en die indiensneming van lede van voormalige militêre eenhede, die goedkeuring van die Militêre Goewerneur verkry. Indien die Militêre Goewerneur en Siviele Sekretaris nie oor 'n saak sou ooreenstem nie, moes eersgenoemde die beslissing van die Minister van Verdediging afwag. Albei was direk verantwoordelik aan die Minister van Verdediging en het opdragte oor die bestuur van Suidwes-Afrika van hom ontvang.[41.]

---

38. H.F. Trew: Botha treks, p. 138; S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, 1915 - 1920, p.30.

39. Official Year Book of the Union of South Africa, no.4 - 1921, p.904.

40. Official Year Book of the Union of South Africa, no.3 - 1919, p.880.

41. ADM.II/C/6: Report on the administration of South West Africa from date of surrender to 31.3.1916, p.3.

Die poste van Militêre Goewerneur en Siviele Sekretaris is op 30 Oktober 1915 afgeskaf en is vervang deur die amp van Administrateur.[42.] E.H.L. Gorges is as die eerste Administrateur aangestel.[43.] Al die magte, verantwoordelikhede en funksies van die Militêre Goewerneur en Siviele Sekretaris is aan die nuwe Administrateur oorgedra.[44.] Hy het beskik oor volle uitvoerende en administratiewe gesag oor alle siviele en militêre aangeleenthede. Die Administrateur is bygestaan deur 'n militêre troepebevelvoerder en 'n hoof-uitvoerende amptenaar, bekend as die Sekretaris van die Protektoraat.[45.] Sake rakende die Unieverdedigingswet, die militêre dissiplinekodes, magsorders en militêre regulasies het alleenlik onder die jurisdiksie van die Suid-Afrikaanse Minister van Verdediging geval. Die stelsel van verdeelde beheer tussen die Militêre Bevelvoerder en die Administrateur het nooit doeltreffend gefunksioneer nie. In 1918 het die Sekretaris van Verdediging bepaal dat alle militêre eenhede voortaan onder beheer van 'n militêre troepebevelvoerder sou staan.[46.]

Gorges het egter hewig hierteen beswaar gemaak en verwys na generaal Smuts se telegram van 26 Oktober 1915, waarin daar vir die volgende voorsiening gemaak is: "the Administrator was to exercise <u>full executive and administrative powers over all matters both military and civil in the Protectorate</u>".[47.] Die Administra-

---

42. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, p.31; ADM.II/C/6: Report on the administration of South West Africa ..., p.4.
43. Official Gazette of the Protectorate of South West Africa, 15.11.1915, p.1.
44. Official Year Book of the Union of South Africa, no.3 - 1919, p.880.
45. ADM.II/C/120: brief E.H.L. Gorges/M.J. de Jager, 4.3.1916, p.2.
46. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.33.
47. ADM.II/W/18: brief E.H.L. Gorges/Minister van Verdediging, 11.6.1918, pp.1-2.



Administrateur E.H.L. Gorges: 1915 - 1920
(S.W.A. Argiefbewaarplek, Windhoek.)

teur het geweier om voort te gaan met sy verpligtinge indien sy magte en funksies so drasties ingekort sou word dat hy eintlik 'n goewerneur met beperkte regeringsmagte sou word. [48.] Hy het sy standpunt sterk en onomwonde aan die Minister van Verdediging gestel: "Your proposals constitute a serious departure from the conditions on which I accepted this office... and I regret very much that I am not prepared to remain here if any diminution of those powers is introduced." [49.] Die Minister van Verdediging het, ten spyte van Gorges se houding, besluit om met die oorspronklike reëlings voort te gaan. Hy het verduidelik dat die doel van sy nuwe reëlings was om die militêre regering van die Protektoraat so gou as moontlik na die gewone vorm van siviele administrasie te verander. [50.] Dit was dus nie sy bedoeling om die status van die Administrateur te verlaag nie en daarom sou verdere reëlings deeglik met Gorges bespreek word. [51.]

Die Sekretaris van Verdediging, H.R.M. Bourne, het in samewerking met die senior regsadviseur van die Unie, E.L. Matthews, in Augustus 1918 'n memorandum opgestel om die militêre en siviele administrasie van Suidwes-Afrika te verbeter. [52.] Die volgende verandering rakende die status van die Administrateur is aangebring: Die Administrateur sou voortaan nie meer onder gesag van die Minister van Verdediging val nie, maar wel onder direkte jurisdiksie van die Eerste Minister. Verder kon hy direk met hoofde van staatsdepartemente in die Unie kommunikeer en moes die kantoor van die Eerste Minister nie meer as kommunikasiekanaal dien nie. [53.]

---

48. ADM.II/W/18: brief E.H.L. Gorges/Minister van Verdediging, 11.6.1918, pp.6-7.
49. ADM.II/W/18: telegram E.H.L. Gorges/kol. Mentz, 13.6.1918.
50. ADM.II/W/18: brief waarnemende Sekretaris van Verdediging/ Administrateur, 10.7.1918, p.3.
51. ADM.II/W/18: brief Sekretaris van Verdediging/Administrateur, 1.8.1918.
52. ADM.II/C/160: Memorandum on the constitution and government of the Protectorate, part I and II, August 1918.
53. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.34.

Die Hoof Siviele Sekretaris is aanvanklik aangestel om toesig te hou oor die instansies en persone wat uitvoering moes gee aan die opdragte van die Militêre Goewerneur. [54.] Sy posbenaming is kragtens Proklamasie 10 van 20 September 1915 verander na Hoof Sekretaris van die Protektoraat . [55.] Op 30 Oktober 1915 is meneer J. Collie aangestel as Sekretaris van Suidwes-Afrika. [56.] Collie is later terugverplaas na Suid-Afrika en is op 13 Desember 1916 opgevolg deur die Adjunk-sekretaris, J.F. Herbst. Hy het die pos van Sekretaris vir die duur van die militêre bewind bly beklee. [57.] Dit was die taak van die Sekretaris om weer orde in die administrasie te skep. Teen die einde van Augustus 1915 was die administrasie byna weer normaal. Die Sekretaris het heelwat probleme gehad, aangesien die Duitse administratiewe stelsel heelwat van die Britse stelsel in die Unie verskil het. Die Suidwes-Afrikaanse Administrasie is in ooreenstemming met dié van Suid-Afrika gebring deur wetgewing van die Unie oor te neem en met die nodige aanpassings op Suidwes-Afrika van krag te maak.[58.]

Administratiewe dienste van 'n militêre aard is ná 9 Julie 1915 deur die kantoor van die Kwartiermeester-generaal behartig. Die Kwartiermeester-generaal is vanaf 1916 onder direkte beheer van die Administrateur geplaas. Dié reëling het tot aan die einde van die militêre bestuurstydperk van krag gebly. Luitenant-kolonel Harvey is in bevel van die afdeling geplaas, maar is kort daarna in Oktober 1916 deur luitenant Murray opgevolg. [59.]

---

54. Official Year Book of the Union of South Africa, no.3 - 1919, p.880.
55. Union Government Gazette, 27.9.1915.
56. Official Gazette of the Protectorate of South West Africa, 15.11.1915, p.3.
57. Official Gazette of the Protectorate of South West Africa, 12.12.1916, p.2.
58. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.35.
59. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.36.

Kort voor die inval van Suid-Afrika het die Duitse troepe die plaaslike Naturelle vanaf die suide tot so ver noord as Grootfontein verplaas. Dit is nie gedoen uit 'n humanitêre oogmerk nie, maar omdat die Duitsers die Naturelle gewantrou het. Ná die vredesluiting te Korab is hulle op Suid-Afrikaanse onkoste na hulle oorspronklike tuistes gerepatrieer. Die Naturelle was ten gunste van die gebiedsoorname deur die Unie, aangesien die Duitsers hulle hardhandig behandel het. Heelwat moeite is deur die Suid-Afrikaanse regering gedoen om die verhouding tussen Blank en Nie-Blank op 'n gesonde grondslag te plaas.[60.] Generaal Botha het kort voor die einde van die oorlog 'n departement van Naturellesake in Suidwes-Afrika tot stand gebring. Kaptein C.N. Manning van Pietersburg is in Junie 1915 na Suidwes-Afrika oorgeplaas as tydelike hoof van dié departement.[61.] Majoor S.M. Pritchard is op 9 November 1915 as permanente Hoof Naturelle-Kommissaris aangestel. Die formulering en toepassing van die Naturellebeleid was geheel en al in die hande van die Naturellekommissaris. Enige afwyking of verandering van die Naturellebeleid was onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur.[62.]

Die grootste gedeelte van die Duitse bevolking het gehoop dat die besetting van Suidwes-Afrika deur Suid-Afrika slegs tydelik sou wees. Die Windhoekse Munisipale Raad het versoek dat Suidwes-Afrika weer deel van die Duitse Ryk moes word. Hulle argumente het berus op die Veertien Punte-vredesdokument (27 September 1918) van president Woodrow Wilson van Amerika. Daarvolgens sou wêreldvrede gesluit word op die basis van reg en geregtigheid vir alle volke en die bepaling dat geen militêre mag die toekoms van ander volke, ook in Suidwes-Afrika, mag besleg nie. Verder is Suidwes-Afrika

---

60. ADM.II/C/6: Report on the administration of South West Africa..., pp.21-24.

61. ADM.I/1281/5: brief Naturelle - Kommissaris/Sekretaris van die Protektoraat, 7.9.1915, p.2.

62. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.37.

volgens hulle deur Suid-Afrika met geweld verower, terwyl die Duitsers Suidwes-Afrika vanaf 1884 deur middel van verdragsluiting met die plaaslike inboorlingkapteins in besit geneem het.[63.] Verskeie ander Munisipale Rade soos dié van Okahandja,[64.] Klein Windhoek,[65.] Karibib[66.] en Swakopmund[67.] het ook versoek dat Suidwes-Afrika weer deel van die Duitse Ryk moes word. 'n Duitssprekende meneer Kastl het selfs die Switserse konsul te Kaapstad, meneer Eigenmann, versoek om genoemde versoekskrif van die Munisipaliteit van Windhoek aan die Duitse regering voor te lê.[68.] Die meeste Duitsers was dus ten gunste van heraansluiting van Suidwes-Afrika by die Duitse Ryk, maar die kongresgangers te Versailles sou anders beslis.

Plaaslike bestuur vóór 9 Julie 1915 is deur Munisipale Rade behartig. Munisipale Rade het kragtens 'n Duitse wet van 28 Januarie 1909 tot stand gekom in Windhoek, Swakopmund, Lüderitz, Keetmanshoop, Karibib, Omaruru, Okahandja, Aus, Tsumeb, Warmbad en Usakos.[69.] Die Munisipale Rade kon ná die oorlog hulle oorspronklike take en funksies hervat, namate die Munisipale Raadslede en amptenare na hulle verblyfplekke teruggekeer het. Windhoek se Munisipale Raadslede het egter nie na die gevegsfront gegaan nie, maar in beheer van dorpsake gebly.[70.]

---

63. ADM.I/1899/3: brief Burgemeester van Windhoek/Militêre Magistraat van Windhoek, 27.11.1918.
64. ADM.I/1899/3: brief Burgemeester van Okahandja/Militêre Magistraat van Okahandja, 28.11.1918.
65. ADM.I/1899/3: brief Munisipale Raad van Klein Windhoek/ Militêre Magistraat van Windhoek, 27.11.1918.
66. ADM.I/1899/3: brief Militêre Magistraat van Karibib/Sekretaris van die Protektoraat, 29.11.1918.
67. ADM.I/1899/3: brief Burgemeester van Swakopmund/Administrateur, 28.11.1918.
68. ADM.I/1899/3: brief L. Kastl/Switserse konsul, 4.12.1918.
69. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.40.
70. Official Year Book of the Union of South Africa, no.3 - 1919, p.881; ADM.II/C/6: Report on the administration of South West Africa ..., p.65.

Die Munisipale Rade het tot en met 1918 volgens Duitse wette gefunksioneer en daarvolgens was distriksmagistrate belas met die opstel van munisipale regulasies en toesighouding oor die uitvoering daarvan.[71.] Alle bestaande Munisipale Rade is egter in 1918 afgeskaf omdat dit 'n politieke kleur begin kry het.[72.] Die Munisipale Rade se magte en pligte is tydelik aan die militêre magistrate oorgedra. 'n Advieskomitee van ses lede het die magistraat bygestaan.[73.] Kragtens Proklamasie 22 van 1920 is munisipaliteite weer in al die verskillende dorpe ingestel en hulle funksies is deeglik omskrywe.[74.] Distriksrade wat sou dien as koördinerende liggame en wat oorhoofse beheer oor al die Munisipale Rade in 'n bepaalde distrik sou uitoefen, is op 28 Januarie 1909 ingestel. Die Duitse Distriksrade is ná die oorlog afgeskaf. Die land is in agtien militêre magistraatsdistrikte verdeel, met 'n militêre magistraat aan die hoof van elkeen. Die Militêre Magistrate is belas met juridiese sowel as administratiewe funksies.[75.]

Die regswese is ook deur die oorlogsgebeure in wanorde gedompel. Die beoefening van regspraak het vir 'n tyd lank heeltemaal tot stilstand gekom, aangesien die meeste regsgeleerdes opgeroep is vir militêre diens. Nuwe magistrate en regters moes dus na die Duitse oorgawe aangestel word. Provost Marshalls[76.] is by gebrek aan behoorlik gekwalifiseerde magistrate in die voormalige Duitse Distriksrade aangestel. Suidwes-Afrika is volgens

---

71. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 3 - 1919, p.881.

72. ADM.I/5856: omsendbrief Sekretaris van die Protektoraat/Magistrate van Lüderitzbucht, Karibib, Swakopmund en Okahandja, 2.12.1918.

73. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 3 - 1919, p.881.

74. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, pp.232-268.

75. Official Year Book of the Union of South Africa, no. 3 - 1919, P.881; S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.41.

76. Ongekwalifiseerde persone wat tydelik as magistrate moes diens doen.

Proklamasie 11 van 20 September 1915 in 18 magistraatsdistrikte verdeel, waarvan die grense hoofsaaklik ooreengestem het met die voormalige Duitse Distriksrade.[77.] Kragtens Proklamasie 40 van 1920 is die grense van die magistraatsdistrikte herbepaal en die setelplaas van elke magistraatshof vasgestel. 'n Nuwe magistraatsdistrik is vir Owamboland ingestel met 'n hof op Ondangwa.[78.]

Militêre Magistrate, wat sedert 1915 in beheer van magistraatsdistrikte geplaas is, moes die regspraak hanteer volgens die Duitse wette wat van toepassing was voor en tydens die oorlog. 'n Magistraat se magte was beperk en hy kon aanvanklik net die volgende vonnisse oplê: eenhonderd pond of ses maande gevangenisstraf, of lyfstraf met 'n maksimum van twaalf houe.[79.] Kragtens Proklamasie 23 van 31 Desember 1915 is die boetebeperking verhoog na tweehonderd pond, die gevangenisstraf tot een jaar en lyfstraf tot 'n maksimum van vyf en twintig houe. Die Militêre Goewerneur kon enige vonnis ter syde stel.[80.] Die Militêre Goewerneur en sy opvolger, die Administrateur, moes by die goedkeuring of tersydestelling van 'n vonnis deeglik rekening hou met die aanbevelings van die Sekretaris van Suidwes-Afrika. Die finale beslissing het berus by die Sekretaris van Justisie in Pretoria. Hierdie prosedure is in 1919 gewysig met die instelling van 'n hoërhof. Die finale seggenskap oor vonnisse het voortaan by die Registrateur van die Hoërhof, in plaas van by die Sekretaris van Justisie in Pretoria, berus.[81.] Die Militêre

---

77. ADM.II/C/6: Report on the administration of South West Africa ..., pp.7-8.

78. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.101.

79. A.J. Waters: Martial Law in the Protectorate of South West Africa during military occupation by the forces of the Union of South Africa, p.12.

80. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, p.81.

81. ADM.II/C/182: omsendbrief Sekretaris van die Protektoraat/Magistrate, ca. 1919.

Magistrate moes ook die distriksadministrasie behartig en munisipale funksies verrig, wat onder normale omstandighede deur plaaslike owerhede behartig is. Eers nadat Munisipale Rade in 1920 heringestel is, is die Militêre Magistrate van hierdie pligte onthef. Die Militêre Magistrate moes ook die administrasie van Naturellesake behartig, indien daar nie 'n voltydse Naturellekommissaris beskikbaar was nie. Kragtens Proklamasie 11 van 1915 is 'n spesiale strafhof vir die verhoor van ernstige kriminele sake ingestel. Die strafhof het bestaan uit 'n advokaat van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, asook twee ander regsgeleerdes wat deur die Administrateur aangewys sou word. Die Spesiale Strafhof is ook met gesag beklee om doodsvonnisse op te lê. [82.]

Die Administrateur het verskeie probleme ondervind met die instelling van howe in Suidwes-Afrika. Bitter min van die Militêre Magistrate was Duits magtig en hulle het dus gesukkel om die bepalings van die Duitse wette te interpreteer. Die probleem is gelukkig opgelos toe 'n Engelse vertaling van die Duitse wette teen die begin van 1917 uitgegee is. Die Engelse vertaling is behartig deur die Militêre Magistraat van Karibib, kaptein Gage en die kroonvervolger, meneer A.J. Waters. [83.] 'n Feitlik onoorkomelike probleem was die ernstige tekort aan deeglik opgeleide magistrate en amptenare met 'n grondige regsagtergrond. Die Suid-Afrikaanse Sekretaris van Justisie is alreeds op 11 Augustus 1915 versoek om die nodige regspersoneel in Suid-Afrika te werf. [84.]

---

82. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, pp.102-103.

83. ADM.I/3370/2: Report by the Administrator on the South West Protectorate for the Year 1917, p.6.

84. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.103.

Howe vir die verhoor van siviele gedinge is aanvanklik nie ingestel nie. Militêre Magistrate moes in siviele sake die betrokke partye byeenbring en dan poog om 'n skikking te bewerkstellig. Verskeie persone het die gebrek aan siviele howe misbruik. Die Minister van Justisie kon egter nie sy weg oopsien om siviele howe in te stel nie.[85.] Gedurende September 1916 het regsgeleerdes van Windhoek 'n petisie opgestel waarin die instelling van 'n arbitrasiehof bepleit is. Die arbitrasiehof sou bestaan uit twee afdelings, naamlik 'n laer- en hoërhof. Die hof sou uitsluitlik siviele sake verhoor en sou bestaan uit regsgeleerdes wat beide partye sou verteenwoordig.[86.] Die Administrateur het nie bogenoemde versoek toegestaan nie.[87.] Eers teen die einde van 1919, ná die herinstelling van die Romeins-Hollandse regstelsel, is siviele howe in Suidwes-Afrika weer ingestel.[88.]

Die Romeins-Hollandse regstelsel is kragtens Proklamasie 21 van 12 Desember 1919 in Suidwes-Afrika van toepassing gemaak. Die regstelsel van Suidwes-Afrika sou voortaan in ooreenstemming met die Kaapse regstelsel wees. Alle wette wat in stryd met die Kaapse regstelsel was, is herroep, maar proklamasies wat gedurende die krygswetperiode uitgevaardig is, sou van krag bly.[89.] Kragtens artikel 3 van Proklamasie 21 van 12 Desember 1919 is ook voorsiening gemaak vir die instelling van 'n hoërhof mèt sy setel in Windhoek. Die hof het bestaan uit 'n regter en twee assessore wat van tyd tot tyd deur die Administrateur aangestel sou word. Die regter sou as president optree en die twee assessore moes advokate met minstens vyf jaar praktiese ervaring in die regsberoep wees. Voorsiening is ook gemaak vir die aanstelling

---

85. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, pp.103-104.

86. ADM.I/239 vol.1: brief dr. A. Stark/Administrateur, 27.9.1916.

87. ADM.I/239 vol.1: brief Sekretaris van die Protektoraat/ dr. A. Stark, 5.12.1916.

88. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, p.137.

van 'n registrateur, 'n griffier, 'n meester van die hoërhof en 'n prokureur-generaal. Die benamings militêre magistraat en militêre magistraatshowe is verander na magistrate en magistraatshowe.[90.] Gedurende 1920 is verskeie periodieke howe binne die reeds afgebakende magistraatsdistrikte ingestel. Tsumeb het op 24 Januarie 1920 'n periodieke hof gekry, Otavi op 21 April 1920, Aus op 6 Mei 1920, Mariental op 14 Mei 1920, Ukamas op 28 Mei 1920, Kalkfontein op 17 Julie 1920, Usakos op 2 September 1920, Seeis op 2 November 1920 en Waterberg op 26 November 1920.[91.]

Streekshowe is kragtens Proklamasie 38 van 7 Augustus 1920 ingestel en die Administrateur kon Suidwes-Afrika daarvolgens in twee of meer streke verdeel. Die streekhof sou een keer per jaar in 'n bepaalde streek sitting hê. Die regsbank sou bestaan uit die Regter-President van die hoërhof en twee senior advokate wat deur die Administrateur aangewys sou word. 'n Appêl-afdeling is volgens Proklamasie 12 van 2 Junie 1920 ingestel om appêlle teen die beslissings van die hoërhof te verhoor.[92.]

Kragtens Wet 49 van 1919 het die Unie van Suid-Afrika sy mandaatskap oor die Protektoraat van Suidwes-Afrika aanvaar.[93.] Volgens Proklamasie 1 van 3 Januarie 1921 is die militêre bestuur in Suidwes-Afrika formeel vervang deur 'n siviele administrasie.[94.]

---

90. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, pp.105-106.

91. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, pp.212, 223, 226-227, 334, 415-416, 443, 446.

92. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, pp.106-107.

93. A.J. Waters: The Laws of South West Africa, 1915 - 1922, pp.10-12.

94. S.J. Schoeman: Suidwes-Afrika onder militêre bestuur, p.194.